Desember 2010
Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Ek kan dit nie glo nie – die eerste brief is gestuur in Desember 2002, dit wil sê agt jaar gelede. Ongelukkig begin dit nou al hoe meer soos werk voel en is nie meer so interessant soos voorheen nie. Ook is die terugvoer wat ek kry nie meer so gereeld soos eers nie. As die owerhede weer begin karring aan Pretoria se naam sal daar hopenlik weer 'n oplewing kom in die belangstelling in ou Pretoria.

Die volgende kom uit die koerant "News of the Camp":

* Die owerheid het besluit om 'n sensus op te neem van die mense in die kamp. Toe 'n offisier vir die derde keer by dieselfde tent aandoen antwoord 'n vrou: dink julle ons teel so vinnig aan dat dit nodig is om so baie keer te kom? [N 1880-01-06].

* Na die slag van Zwart Kopje is die rebelle-leier Hans Botha saam met die ander gewondes na die kamp gebring [N 1880-01-06]. [Sien Hans Botha se foto op die volgende bladsy]

* Voor 10 uur elke dag moet al die perdemis in die kamp opgetel wees [N 1880-01-04].

* Nuus van die Convent Redoubt: Daar word vir al die tente name gegee. Van die name is Picadilly, Albermarle Hall en Boer Scare Cottage [N 1880-01-01].

* Die redakteur wonder of dit waar is dat 'n "heliographic" boodskap vanaf Fort Tullichewan gestuur is en dat 'n jong dame in die kamp dit gelees het. Deel van die boodskap in Morse Kode is: - - - . . . . / - - . - . - . - . - - / . . . . - - - . - - / . . / . - . . - - - / [N 1880-01-01].

---------------------------------------

Onderstaande foto is die werk van H.F. Gros. Dit beeld die Boere bevelvoerders uit en is gedruk kort na die Eerste Boere-oorlog. In Julie 1882 verskyn die volgende advertensie in De Volksstem: "H.F. Gros het sy praktyk, gereedskap en 10 000 negatiewe verkoop aan Jules Perrin. Afdrukke is nog steeds beskikbaar" [V 82.07.19]. Dus weet ons die foto's is voor Julie 1882 geneem.

Met vandag se tegnologie is dit nie moeilik om so 'n foto saam te stel nie, trouens menige laerskoolkind kan dit doen. Een-honderd-en-dertig jaar gelede was dit 'n groot prestasie.



Some of the senior officers of the Boer forces

Photographed by H.F. Gros of Pretoria and mounted into a remarkable composite group of the heroes of the War of Independence.  They are:

Back Row:
1.  Veldkornet L.P. Bezuidenhout, Potchefstroom
2.  Kmdt. S.P. Grové, Middelburg
3.  Asst. Kmdt. Genl. H. Schoeman, Pretoria
4.  Kmdt. Henning Pretorius, Elandsfontein, Pretoria
5.  Kmdt. Lewis Fourie, Lange’s Nek

Second Row
6.  Kmdt. H.R. Lemmer, Potchefstroom
7.  Kmdt. J.D. Weilbach, Potchefstroom en Lange’s Nek
8.  Weesheer J.S. Joubert, Sen., Gijzelaar te Newcastle
9.  Kmdt. J. du Plessis de Beer, Wonderboom, Pretoria
10. Kmdt. D.J. Muller. Leydenburg

<u>Third Row</u>
11. Kmdt. Hans Erasmus, Raad Huis, Pretoria
12. Generaal J.P. Steyn, Leydenburg
13. Kmdt. Hans Botha, Zwartkop, Pretoria
14. Kmdt. G. Engelbrecht, Standerton

<u>Front Row</u>
15. Veghtgeneraal J.M. Kock, Potchefstroom
16. Veghtgeneraal Frans Joubert, Bronkhorstspruit
17. Kmdt. Genl. J.P. Joubert
18. Generaal N. Smit
19. Generaal P.A. Cronjé, Potchefstroom [Car-01 88]

Ek het onlangs by die Staatsargiewe 15 van die indiwiduele foto's opgespoor wat Gros gebuik het om die samestelling te maak [hoop om eendag die ontbrekende drie op te spoor]. Toe ek die foto's bestudeer het ek op iets baie eienaardig afgekom. Die klere en ander bykomstighede van die manne is nie hulle eie nie maar wel geleende klere. Heel moontlik die eiendom van die fotograaf wat hy hou om vir foto's te gebruik.

* Dieselfde bandelier met twee ontbrekende koeëls word gedra deur o.a. Hans Botha, L.P. Bezuidenhout, S.P. Grové, Lewis Fourie en H.R. Lemmer.

* L.P. Bezuidenhout en J.S. Joubert dra dieselfde hoed. So ook J.M. Kock en J.P. Joubert. D.J. Muller en G. Engelbrecht het ook dieselfde hoed op.

* Diesefde baadjie met 'n sakboek in die sak word gedra deur J. de Beer en P.A. Cronjé.

* Die onderbaadjie met 'n kraag kan nie mooi onder die baarde gesien word nie maar dit lyk ook asof dit dieselfde een is wat deur 'n hele paar manne gedra word.

* Die knapsak en pistool kom ook in 'n hele paar van die foto's voor.

* Die man met die wit hoed in die middel is die weesheer J.S. Joubert. Uit die aard van sy werk het hy nie 'n geweer by hom nie en op die oorspronklike foto staan hy by 'n pilaar met 'n pen in die hand.

* Die ander persoon wat nie gewapen is nie is Kommandant Generaal P.J. Joubert, met die swart klere in die middel van die foto. Op die foto wat die dag van hom geneem is het hy wel 'n bandolier en 'n geweer. Ek wonder hoekom is die foto nie gebruik nie?



Kommandant Generaal P.J. Joubert

Is daar miskien iemand wat kommentaar kan lewer op die wapens wat die mans op die foto dra? Ek het ongelukkig geen kennis daarvan nie.

Bronne geraadpleeg


Car-01 Cartwright, A.P. & Cowan, N. The old Transvaal, 1834 - 1899. Purnell & Sons (SA). 1978.

N = News of the Camp

V = De Volksstem


---------------------------------------------------------------

Geseënde en vreugdevolle Kersgety vir u almal.
Groete tot volgende jaar.
Rosa Swanepoel